**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2022: VOORTGESETTE POSITIEWE VENNOOTSKAPPE VIR 'N MENSWAARDIGE TOEKOMS

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 18 OKTOBER 2022 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. D Louw | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. JJ Breunissen | : | Direkteur Tegniese Dienste *(waarnemend)* |
| Mnr. D Carolissen | : | Direkteur Gemeenskapsdienste *(waarnemend)* |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur *(sluit aan om 10:13)* |
| Mnr. M Sheldon | : | Hoof: Kommunikasie |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**BKN019/10/2022**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal by die vergadering, waarna hy 'n dagstuk van John Maxwell deel. Raadsheer De Vries open die vergadering met gebed.

Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan mnr. Hannes Coetzee en mnr. Dana du Plessis wat 'n voorlegging sal doen.

***

**BKN020/10/2022**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Raadslid Du Plooy - afwesig met verskoning
Direkteur Gemeenskapsdienste - vakansieverlof
Bestuurder: Strategiese Dienste - vakansieverlof
Interne Ouditeur - siekteverlof

***

**BKN021/10/2022**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Raadsheer De Vries en die Direkteur Tegniese Dienste *(waarnemend)* verklaar hul persoonlike belang met betrekking tot item **BKN035.**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste meld dat die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur sal aansluit na afloop van die voorlegging.

***

**BKN022/10/2022**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULES VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP MAANDAG 19 SEPTEMBER 2022 EN DONDERDAG 22 SEPTEMBER 2022**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notules van die vergaderings, soos gehou op Maandag 19 September 2022 en Donderdag 22 September 2022, bekragtig word.

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**BKN023/10/2022**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERINGS SOOS GEHOU OP MAANDAG 19 SEPTEMBER 2022 EN DONDERDAG 22 SEPTEMBER 2022**
**3/3/2/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos gehou op Maandag 19 September 2022;
2. Dat terugvoer met betrekking tot BKN030/09/2022 gegee word rakende die Bestuur en Administrasie van die Besigheidskorwe te Porterville en Piketberg, by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering, soos geskeduleer vir Dinsdag 25 Oktober 2022; en
3. Dat kennis geneem word dat geen implementeringsverslag versprei is vir Donderdag 22 September 2022 nie, aangesien daar geen besluite uitgemerk was nie.

***

**BKN024/10/2022**
**EERSTE SAAK VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: DIE BESTUUR EN ADMINISTRASIE VAN DIE BESIGHEIDSKORWE TE PORTERVILLE EN PIKETBERG *(BKN030/09/2022)***
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in en versoek dat die proses met betrekking tot die Bestuur en Administrasie van die Besigheidskorwe te Porterville en Piketberg bespoedig word.

**BESLUIT**

Dat die Munisipale Bestuurder met Strategiese Dienste vergader om die vordering van die proses te verneem en dit dienooreenkomstig aan te spreek.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN025/10/2022**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN026/10/2022**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Die Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:

- Dat die Hoof: Strategiese Dienste 'n operasie moes ondergaan waar sy linkerbeen onder die knie geamputeer is, en versoek die Munisipale Bestuurder dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir hom en sy familie moet opdra in hul gebede.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN027/10/2022**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: HERSIENING VAN ORGANIGRAM: VOORLEGGING DEUR HUMAN CAPITAL LIFE COACHING & CONSULTING**
**3/3/1/5**
***('n Visuele voorlegging word gedoen deur Mnr. H Coetzee)***

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item kortliks in stel die afvaardiging aan die vergadering bekend, waarna mnr. Hannes Coetzee die visuele verslag voorlê aan die Komiteelede ter kennisname.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die verskuiwing en uitklaring van funksies wat oorweeg/bespreek moet word tydens die begrotingsproses.

**BESLUIT**

1. Dat die Portefeulje Voorsitters in oorleg met die onderskeie direkteure die direktorate se organigram bespreek en enige wysigings wat aangebring moet word, aan die Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste voorsien, teen nie later as Donderdag 20 Oktober 2022;
2. Dat die gewysigde item op die agenda van die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering en Raad, soos geskeduleer vir Dinsdag 25 Oktober 2022, voorgelê word vir oorweging en goedkeuring; en
3. Dat 'n gesprek gefasiliteer word tussen die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Direksie en Bestuurder Menslike Hulpbrondienste om die verskuiwing en uitklaring van funksies te werkswinkel voor die begrotingsproses.

***BESTUURDER MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

***

(***Die Voorsitter bedank die afvaardigings vir die voorlegging, waarna die Bestuurder Menslike Hulpbrondienste en die afvaardigings die vergadering verlaat en 'n kort breek word vanaf 10:10 – 10:13 toegestaan). (Die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur sluit om 10:13 by die vergadering aan).***

**BKN028/10/2022**
**MOSIES / VRAE**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN029/10/2022**
**DRINGENDE SAKE VANAF DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**9/1/2**

Geen

***

**BKN030/10/2022**
**PROPOSAL TO ESTABLISH A BMX BIKE PUMP TRACK**
**PB.4553, 4554, RE400 & RE4501**

Raadsheer Wessels lei die item kortliks in.

**RECOMMENDATIONS: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That Remainder Erf 4501, Remainder Erf 4500, Erf 4553 en Erf 4554, Piketberg is identified as the site to be developed as BMX bike pump park;
2. That permission is granted to Department Planning & Environmental Management to start the land use planning processes (consolidation and rezoning) for the establishment of a BMX bike pump park and associated infrastructure on of Remainder Erf 4501, Remainder Erf 4500, Erf 4553 and Erf 4554, Piketberg;
3. That the Directorate Community Services (Head: Sports Development) follow their respective administrative processes parallel to land use planning processes for implementation and development of the BMX bike pump park; and
4. That the physical construction phase of the BMX bike pump park only commences once land use planning rights is confirmed for the consolidated land unit.

***

**BKN031/10/2022**
**<u>VERSOEK OM OMHEINING VAN 'N GEDEELTE VAN PORTERSTRAAT, PORTERVILLE INDUSTRIËLE AREA</u>**
**7/2/1**

Raadsheer Wessels lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD</u>**

**<u>Fase 1:</u>**

1.1 Dat die Munisipaliteit nie die gedeelte grond benodig vir dienslewering nie; (uitgesluit dat toegang ten alle tye verkry moet word tot Munisipale ingenieursdienste by wyse van 'n dienste serwituut oor die gedeelte grond);

1.2 Die Raad se intensie om vervreemding van 'n gedeelte van Porterstraat (15.74m x 75.56m= ±1189m² groot) grensend aan Erwe 1017 en 1151 Porterville aan Corsoft Management Software Solutions geadverteer moet word vir 30dae vir publieke kommentaar/vertoë (Vervreemding sal geskied teen markverwante waardasie na grondgebruik prosesse afgehandel is);

1.3 Enige kommentaar/beswaar ontvang teen bogenoemde vervreemding moet weer aan die Raad voorgelê word vir finale oorweging;

**<u>Fase 2:</u>**

2.1 Indien geen beswaar ontvang word teen die intensie om vervreemding van die gedeelte grond, die Raad se intensie in terme van Bergrivier Munisipaliteit Verordening Insake Paaie en Strate vir sluiting van 'n gedeelte van Porter straat (15.74m x 75.56m= ±1189m² groot) grensend aan Erwe 1017 en 1151 Porterville (Corsoft Management Software Solutions); geadverteer moet word vir 30dae vir publieke kommentaar/vertoë;

2.2 Enige kommentaar/beswaar ontvang teen bogenoemde sluiting van gedeelte publieke straat moet weer aan die Raad voorgelê word vir finale oorweging;

**Fase 3:**

3.1 Indien geen kommentaar/besware ontvang word tydens advertering van die sluiting van 'n gedeelte van Porter straat, daar voortgegaan word met onderverdeling, hersonering (na nywerheid sonering) en sluiting van publieke straat deur Departement Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur in terme van grondgebruik beplanningswetgewing;

3.2 'n Dienste serwituut moet ook geregistreer word oor hierdie gedeelte grond vir instandhoudingsdoeleindes waartoe die Munisipaliteit ten alle tye toegang moet verkry;

3.3 Dat 'n markverwante waardasie verkry word na afhandeling van die onderverdeelde en hersoneerde gedeelte grond;

3.4 Dat konsolidasie van die hierdie grond met langsliggende Erwe 1017 en 1151 Porterville (Corsoft Management Software Solutions) in aggeneem word tydens oorweging van grondgebruikaansoeke;en

3.5 Dat die applikant gedeeltelik verantwoordelik sal wees vir herbelyn van elektriese dienste en vir die pyp van stormwater op eie koste, soos onderhandel en ooreengekom deur die Tegniese Dienste Direktoraat, bewyse van 'n diensvlakooreenkoms.

***

**BKN032/10/2022**
**VERSOEK OM OMHEINING VAN 'N GEDEELTE STRAAT PIKETBERG INDUSTRIËLE AREA**
**7/2/1**

Raadsheer Wessels lei die item kortliks in.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

**Fase 1:**

1.1 Dat die Munisipaliteit nie die gedeelte grond benodig vir dienslewering nie; (uitgesluit dat toegang ten alle tye verkry moet word tot Munisipale ingenieursdienste bywyse van 'n dienste serwituut oor die gedeelte grond);

1.2 Die Raad se intensie om vervreemding van 'n gedeelte publieke straat (12.5m x94.46m= ±1180m² groot) grensend aan Erwe 453, 454 en 455 Piketberg aan Winkelshoek geadverteer moet word vir 30dae vir publieke kommentaar/vertoë (Vervreemding sal geskied teen markverwante waardasie na grondgebruik prosesse afgehandel is);

1.3 Enige kommentaar/beswaar ontvang teen bogenoemde vervreemding moet weer aan die Raad voorgelê word vir finale oorweging;

**Fase 2:**

2.1 Indien geen beswaar ontvang word teen die intensie om vervreemding van die gedeelte grond, die Raad se intensie in terme van Bergrivier Munisipaliteit Verordening Insake Paaie en Strate vir sluiting van 'n gedeelte publieke straat (12.5m x94.46m= ±1180m² groot) grensend aan Erwe 453, 454 en 455 Piketberg (Winkelshoek bottelering); geadverteer moet word vir 30dae vir publieke kommentaar/vertoë;

2.2 Enige kommentaar/beswaar ontvang teen bogenoemde sluiting van gedeelte publieke straat moet weer aan die Raad voorgelê word vir finale oorweging;

**Fase 3:**

3.1 Indien geen kommentaar/besware ontvang word tydens advertering van die sluiting van 'n gedeelte publieke straat, daar voortgegaan word met onderverdeling, hersonering (na nywerheid sonering) en sluiting van publieke straat deur Departement Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur in terme van grondgebruik beplanningswetgewing;

3.2 'n Dienste serwituut moet ook geregistreer word oor hierdie gedeelte grond vir instandhoudingsdoeleindes waartoe die Munisipaliteit ten alle tye toegang moet verkry;

3.3 Dat 'n markverwante waardasie verkry word na afhandeling van die onderverdeelde en hersoneerde gedeelte grond; en

3.4 Dat konsolidasie van die hierdie grond met langsliggende Erwe 453, 454 en 455 Piketberg (ongeregistreerde Erf 4541, Piketberg) in ag geneem word tydens oorweging van grondgebruikaansoeke.

***

**BKN033/10/2022**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 05 OKTOBER 2022**

Die Voorsitter lei die item kortliks in en spreek die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se kommer uit in terme van die tydperk wat dit duur vir die finalisering van uitstaande dissiplinêre sake.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die Direkteur Korporatiewe Dienste 'n volledige verslag aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Munisipale Bestuurder voorsien wat alle uitstaande dissiplinêre sake insluit.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN034/10/2022**
**MAANDVERSLAG: INKOMSTEBESTUUR: JULIE 2022**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die aantal aansoeke wat ontvang is, dat die moontlikheid ondersoek word dat die publiek die nuwe aansoeke van kortings elke jaar voor einde Junie inhandig/afhandel en dat die datums vir die aansoeke van kortings deel vorm van die tariewelys.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1 Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad kennis neem van die bogenoemde Inkomstebestuur werksaamhede vir die periode 01 tot 31 Julie 2022;

2 Dat kennis geneem word dat daar gedurende Julie 2022 geen tydelike aanstellings gemaak is nie; en

3 Dat goedkeuring verleen word om aansoeke vir korting op eiendomsbelasting vir pensioenarisse wat na 01 Julie 2022 ontvang is, terugwerkend te implementeer, dus vanaf 01 Julie 2022 en dat enige rente wat intussen op sodanige bedrae gehef was teruggeskryf word.

***

***(Raadsheer De Vries, Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend) en die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur verlaat die vergadering om 10:32 voor bespreking van die onderstaande item)***

**BKN035/10/2022**
**WHEATFIELDS: VULLISVERWYDERING**
**9/1/2**

Raadsheer Wessels lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die riglyne vervat in die huidige diensooreenkoms en dat ‘n detail/koste-analise gedoen moet word om te bepaal hoe die herwinning en groen sakke by Wheatfields hanteer word.

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die aangeleentheid na die Begrotingsloodskomitee verwys word vir oorweging, en indien dit toegestaan word, die nodige wysigings aan die tariefstruktuur en beleide aangebring word vir oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad; en
2. Dat die status quo gehandhaaf word totdat die “bulk refuse tariff” oorweeg is en indien goedgekeur, geïmplementeer word.

***

***(Raadsheer De Vries en die Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend) sluit weer om 10:46 aan by die vergadering)***

**BKN036/10/2022**
**VERHOGING VAN “AUXILARIES” OP AGTERSTALLIGE REKENINGE**
**5/15/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in.

Die Munisipale Bestuurder meld dat die item die vorige detail bevat maar dat die aanbeveling en verslag die korrekte weergawe is.

***(Die Munisipale Bestuurder verlaat die vergadering om 10:53 met ‘n verskoning, waarna die Direkteur Korporatiewe Dienste waarneem as Munisipale Bestuurder.)***

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat die Kredietbeheerbeleid gewerkswinkel moet word alvorens die versoek oorweeg kan word.

***(Die Munisipale Bestuurder sluit weer om 11:00 aan by die vergadering).***

**BESLUIT**

1. Dat die verslag onttrek word en terugverwys word na die Finansiële Dienste Komiteevergadering vir verdere bespreking; en

2. Dat daar statistiese inligting is wat by die verslag ontbreek in terme van die finansiële implikasies, vorige besluite oor die hersiening van die "auxilaries'', agterstallige verbruikers se betalings patroon en/of kredietbeheer proses toegepas was.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN037/10/2022**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE FINANSIËLE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: WOENSDAG 05 OKTOBER 2022**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die Direkteur Finansiële Dienste maandeliks by die Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering rapporteer rakende die onderskeie direktorate se kapitaalbegroting wat die spandering insluit, die Procurement Plan en die "shadow cost" vir moniteringsdoeleindes.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN038/10/2022**
**SSEG INVOER TARIEF**
**9/1/2**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries lei die item kortliks in. Addisionele inligting word gelewer deur die Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend).

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die verhoogde elektriese lynverliese in terme van die addisionele krag wat ingevoer word na die "grid."

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat die Raad die SSEG tarief soos aanvaar, implementeer sonder die huidige NERSA goedkeuring;
2. Dat aansoek gedoen word vir NERSA goedkeuring tydens die volgende tarief aansoek periode vir die 90 sent per eenheid indien nodig;
3. Dat die Direkteur Finansiële Dienste 'n addisionele verslag voorlê wat die finansiële implikasie aandui rakende die verhoogde elektriese aankope in Velddrif; en
4. Dat 'n gesprek gefasiliteer word in die volgende Tegniese Dienste Komiteevergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 01 November 2022, rakende die volhoubaarheid en finansiële implikasie van die invoertarief.

***

**BKN039/10/2022**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE TEGNIESE DIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 04 OKTOBER 2022**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in en spreek die Uitvoerende Burgemeesterskomitee se kommer uit in terme van volgende kwessies:

- Die stormwatersloot by die gholfbaan - Raadsheer De Vries bevestig dat Tegniese Dienste in-proses is om die stormwatersloot toe te maak;
- Die vordering rakende die informele strukture in Freeziastraat; en
- Dat die opgrawings in terme van Fiber en Vodacom ‘n bron van kommer is.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die Boubeheer Beampte: Piketberg ‘n verslag voorlê by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee om die vordering te gee rakende die informele strukture in Freeziastraat;

   ***BOUBEHEER BEAMPTE: PIKETBERG***

2. Dat die verstoppings van die stormwaterpype in Wyk 2 en 4 die nodige aandag moet geniet;

   ***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE (WAARNEMEND)***

3. Dat die strate wat invleg in Langstraat en waar Die Trekstraat en Loopstraat invleg die nodige aandag moet geniet en deel vorm van die herseëlingsprojek; en
4. Dat die Hoof: IKT ‘n gesprek fasiliteer met die IKT-departement van Saldanhabaai Munisipaliteit om inligting te bekom rakende die Fiber-proses wat deur hulle gevolg is en dat die moontlikheid ondersoek word om ’n soortgelyke projek by Bergrivier Munisipaliteit te implementeer.

   ***HOOF: IKT***

***

**BKN040/10/2022**
**SUMMER PREPAREDNESS PLAN**
**17/11/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Wessels lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing na die geldigheid van die samewerkingsooreenkoms tussen Bergrivier Munisipaliteit en Weskus Distriksmunisipaliteit en die nodige opdatering van die kontakname en nommers in die verslag waar nodig.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die somer gebeurlikheidsplan as deel van die Bergrivier Munisipaliteit se Rampbestuursplan oorweeg word deur die Raad.

***

**BKN041/10/2022**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE GEMEENSKAPSDIENSTE KOMITEEVERGADERING: DINSDAG 04 OKTOBER 2022**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item kortliks in en spreek sy ongelukkigheid uit oor die terugvoering met betrekking tot die uitstaande kwessies soos versoek deur hom by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos gehou op Maandag 29 Augustus 2022:

- Dat die die verf, filtreerstelsel en die sluiting van die Akasia swembad vir ‘n onbepaalde tyd ‘n bron van kommer is;
- Vuil erwe en sypaadjies - Die Direkteur Gemeenskapsdienste (waarnemend) meld dat die kontrakteurs begin het by die vuil erwe en dat die spuit van die sypaadjies in-proses is;

- Mnr. Andries Klaase - familie se graf wat deur Bergrivier Munisipaliteit beskadig is;
- Smit Park en Eric Goldsmith Sportgronde - die spandering van die fondse vir die projekte en die wyse van hoe begroot word vir toekomstige projekte; en
- Omheining: Porterville begraafplaas (ou) - die spandering van die fondse vir die finansiële jaar 2020/21 en 2021/22

Die Direkteur Gemeenskapsdienste (waarnemend) gee kortliks terugvoer rakende die vordering van die uitstaande kwessies.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Direkteur Finansiële Dienste die proses in terme van die formele kwotasie vir die Akasia swembad bespoedig en aanspreek; en
2. Dat die Direkteur Gemeenskapsdienste (waarnemend) die uitstaande verslae met spesifieke verwysing na mnr. Andries Klaase, Eric Goldsmith Sportgronde en Porterville ou begraafplaas se omheining aan die Uitvoerende Burgemeester voorsien, teen nie later as Vrydag 21 Oktober 2022, nie.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE (WAARNEMEND)***

***

**BKN042/10/2022**
**<u>MONTHLY BUDGET STATEMENT: AUGUST 2022</u>**
**5/1/B, 5/1/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Daniels lei die item kortliks in en meld dat die spandering van oortyd 'n bron van kommer is vir die Finansiële Dienste Komitee, waarna die Munisipale Bestuurder meld dat 'n in-diepte gesprek gehou was by die Formele Direksievergadering soos geskeduleer vir Maandag 10 Oktober 2022, met die Bestuurders rakende die monitering en bestuur van oortyd, bystand asook die rampbestuur situasie.

**<u>RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL</u>**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for August 2022.

*******

**BKN043/10/2022**
**<u>MAANDVERSLAG: UITGAWES EN VOORSIENINGSKANAALBESTUUR: AUGUSTUS 2022</u>**
**5/1/B, 5/1/1**

Op navraag van die Uitvoerende Burgemeester insake die veranderings wat aangebring is aan die "Procurement Plan" meld die Munisipale Bestuurder dat die datums vervroeg is van Junie 2023 na April en Mei 2023 om genoegsame tyd te gee aan die Finansiële departement om die nodige betalings te doen voor jaareinde.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifiek verwysing na die gebruik van plaaslike besighede en die betaling van tenderdokumentasie waar die tender advertensie nie uiteensit watter dienste benodig word vir die tender nie.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council take note of the August 2022 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act.

***

**BKN044/10/2022**
**BESPREKING VAN AGENDA ITEMS SOOS VOORGELÊ AAN DIE EKONOMIESE ONTWIKKELINGSKOMITEEVERGADERING: DONDERDAG 06 OKTOBER 2022**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en meld dat Bergrivier Toerisme Organisasie 'n versoek gerig het wat sy aan die Uitvoerende Burgemeester en Speaker versprei het.

Dat die Munisipale Bestuurder die versoek van Bergrivier Toerisme Organisasie voorlê vir oorweging/bespreking by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad wat geskeduleer is vir Dinsdag 25 Oktober 2022.

***MUNISIPALE BESTUURDER (25/10/2022)***

***

**BKN045/10/2022**
**NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN046/10/2022**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***Die amptenare verlaat die vergadering om 12:17, waarna die Speaker, Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Munisipale Bestuurder die vergadering In-Komitee voortsit.***

**BKN047/10/2022**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD: OORWEGING VAN GEDEELTELIKE KWYTSKELDING TEN OPSIGTE VAN DIE KOSTES VIR DIE AFBREEK VAN 'N HOUTDEK TE ERF 1223, VELDDRIF**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangeleentheid asook die betrokke vertoë oorweeg;
2. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die bedrag gehef teen die rekening van die Van der Westhuizen's sal verminder tot die kostes om die dek deur 'n plaaslike maatskappy, en nie deur die Rooimiere nie, te laat verwyder, naamlik R 66 116.95;

3. Dat inaggenome die spesifieke omstandighede van die insident en die spesifieke meriete van die saak, die vermindering van die gehefde bedrag van R71 889.05, nie as vrugtelose uitgawes beskou word nie; en
4. Dat die hantering van hierdie saak geen wetlike presedent skep vir toekomstige hantering van enige saak nie.

***

**BKN048/10/2022**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VOORGELÊ VIR OORWEGING / KENNISNAME DEUR DIE RAAD: AANMELDING: BEWERING VAN FINANSIËLE WANGEDRAG DEUR SENIOR BESTUUR**

Die Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Ter kennisname tans deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee hangende die ondersoek van die Artikel 32 Komitee (18 Oktober 2022); en
2. Vir rapportering by die Raad op Dinsdag 25 Oktober 2022.

***

**BKN049/10/2022**
**IN-KOMITEE: BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN050/10/2022**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN051/10/2022**
**IN-KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 13:26***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***